

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 239

(Geen datum)

Lotery en Dobbelary

* * * * *

"Nooit het ek 'n REGVERDIGE verlate gesien of
dat sy nageslag brood soek nie."

(Psalm 37:25)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika,
Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald
(Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

WAARHEEN IS JY OPPAD MET *LOTERY* EN *DOBBELARY?*

- Jy kon 'n vakansie oorsee wen.
- Jy kon 'n duur Duitse motor wen.
- Jy kon 'n spoggerige vakansiehuis wen.
- Jy kon 'n kits-miljoenêr word.

PASOP! JY KON SELFS DIE **HELE WÊRELD** WEN, MAAR JOU LEWE VERLOOR!

- Weet jy wat lotery en dobbelary is?
- Weet jy hoekom is dit eintlik lewensgevaarlik?

LEES GERUS VERDER EN MAAK DIE ANTWOORDE JOU EIE.

WAT IS LOTERY?

Dit is wanneer jy deelneem aan 'n spel of wedstryd waarvan die prys gewen word as gevolg van 'n toevallige beslissing of geluiskans, sonder dat die wenner enige werklike prestasie in terme van kennis, vlyt, vaardigheid of behendigheid daarvoor gelewer het.

Talle voorbeelde is deesdae in feitlik elke tydskrif op te merk en selfs skole en ander instansies probeer op hierdie wyse fondse insamel.

WAT IS DOBBELARY?

Dit is 'n transaksie wat jy met 'n ander party kan sluit waardeur die oordrag van 'n groot bedrag geld of enige iets anders wat baie waardevol is, afhanklik gestel word van die geluiskans en wel so dat die buitensporige wins van die een gelykstaan met die algehele of gedeeltelike verlies van die ander.

Die weddenskappe by perdewedrenne is hiervan 'n duidelike voorbeeld.

'n Groot aspek van dobbelary tesame met lotery is eintlik te vind in bogenoemde wedstryde vir fondsinsamelings waarin 'n toegangsfooie vir die wedstryd gevra word. Die antwoorde op die vrae word vir jou duidelik voorgehou sodat die wenner deur lotery bepaal word.

Jy is bereid om al jou inskrywingsfooie te verloor al was jou antwoord reg.

HOEKOM IS DIT SO LEWENSGEVAARLIK?

Die enige ware lewende God wat Hom aan jou en my in die Bybel bekendmaak, waarsku ons teen hierdie gevaar as Hy sê:

"Wat sal dit 'n mens help as hy die hele wêreld as wins verkry maar sy lewe verloor ..."
(Matteus 16:26). Jy het moontlik gedink:

- dat hierdie lewe die enigste lewe is,
- dat mens hier alles van die lewe moet uithaal en geniet,
- dat as mens eendag sterf, loop alles uit op 'n einde en die mens vergaan en word, net soos enige dier, niks.

As jy so gedink het, het jy jou totaal vergis.

DAAR IS 'N HEMEL EN 'N HEL

Die mens is anders as 'n dier. Hy is deur God geskape om ewig voort te bestaan. Na jou lewe op aarde wag daar dus nog 'n verdere en ewige bestaan, naamlik die ewige volmaakte heerlijkheid by God OF die ewige rampsaligheid in die hel, weg van God af. Die twee bestaanswyses na die dood op aarde word ook genoem die ewige lewe in die hemel en die ewige dood in die hel.

Al word jy selfs baie oud is hierdie lewe op aarde maar net soos 'n druppeltjie in die emmer in vergelyking met die ewige lewe wat voorlê.

God leer ons verder dat geen mens die ewige lewe verdien nie, omdat die mens:

- sy rug op God draai,
- ongehoorsaam is teenoor God,
- God nie wil ken, vertrou en dien nie,
- En hierdie enige God eerder haat as om Hom lief te hê.

Sodoende het die mens vir homself die ewige dood, dit wil sê die ewige rampsaligheid waar daar 'n gekners van die tande sal wees, verdien.

GOD IS REGVERDIG, daarom sal die mens wat Hom aanhou haat werklik eendag in die hel beland. Dit is hulle wat hulle eie lewens verloor al het hulle hoe baie dinge ookal op aarde gewen.

GOD IS OOK 'N LIEFDEVOLLE GOD, daarom het Hy Hom aan ons bekendgemaak in die Bybel deur Jesus Christus. In die Bybel staan dit duidelik geskryf :

"En dit is die ewige lewe dat hulle U ken, die enigste ware God en Jesus Christus, wat deur U gestuur is." (Johannes 17:3)

KEN JY HIERDIE ENIGSTE WARE GOD?

KAN DIT IN JOU LEWE BEWYS WORD DAT JY HOM KEN?

As jy aanhou om jou lewe op aarde met lotery en dobbelary te probeer verryk is dit 'n bewys dat jy die enige ware God nie ken nie, of nie wil ken nie.

OM GOD TE KEN BETEKEN

- OM HOM LIEF TE HÊ,
- OM IN NEDERIGHEID JOU AAN HOM TE ONDERWERP,
- OM HOM GEHOORSAAM TE WEES,
- OM VAN HOM ALLEEN ALLE GOEIE DINGE TE VERWAG,
- OM HOM TE VREES EN TE EER.

As jy God dus ken en liefhet sal jy volgens Sy Wil, ses dae werk en die sewende dag rus. Jy sal ook tot Hom bid om Sy onmisbare seën op jou arbeid, sodat jy jou gesin goed kan versorg en alles kan kry wat jy en jou gesin nodig mag hê.

Onthou tog net dat die “nodigste dinge” nie beteken om op hierdie aarde in rykdom en weelde te leef nie.

Die “nodigste dinge” is ook nie eers die brood en botter wat jy elke dag eet nie.

God sê: " Julle moet nie werk vir die voedsel wat vergaan nie, maar vir die voedsel wat nie vergaan nie en wat die ewige lewe gee. Dit sal die Seun van die mens (Jesus Christus) vir julle gee, want God die Vader het Hom die mag daartoe verleen." (Johannes 6:27)

Toe sy dissipels Hom vra: Wat moet ons doen? . . . was sy antwoord:

"Wat God van julle verlang is dat julle moet glo in Hom wat Hy gestuur het." (Joh. 6:29)

PASOP VIR DIE GELUKS-AFGOD

Met lotery en dobbelary is jy besig om jou vertrou op die geluks-afgod te plaas. Jy neem tog alleen deel omdat jy GLO dat jy dalk gelukkig kan wees om die groot prys te wen. Jy glo dus net aan die GELUK.

Jou geloof is dus duidelik nie alleen op die enigste ware God gerig nie en daarom loop jy gevaar om jou lewe vir ewig te verloor.

Kyk net hoe duidelik stel die Here dit self deur Sy profeet Jesaja.

"Maar julle wat die Here verlaat, wat My heilige berg vergeet, wat die tafel dek vir die geluksgod en die mengsel inskink vir die godin van die noodlot — Ek sal julle bestem vir die swaard, en julle almal sal buig om geslag te word, omdat Ek geroep maar julle nie geluister het nie, maar gedoen het wat verkeerd is in my oë en verkies het wat my nie behaag het nie." (Jes. 65:11 en 12)

DIEN GOD IN GEHOORSAAMHEID EN GENIET SY SEËNINGE

Die huidige ekonomie het sekerlik sy nadelige gevolge ook in jou finansiële beplanning agtergelaat. Die beplande nuwe motor of sitkamerstel of heerlike vakansie moes skielik vir 'n onbepaalde tyd uitgestel word. Jy mag selfs begin redeneer dat jy van hierdie dinge nou dringend nodig het.

Dink jy dat die Here ongevoelig en afsydig staan tot Sy kind. Nee, nooit! Dawid laat ons in sy ervarings deel as hy in Ps. 37:25 sê:

"Ek was jonk en ek het oud geword, maar nooit het ek 'n regverdige verlate gesien of dat sy nageslag brood soek nie."

Die Here Jesus Christus het self gesê:

Moet julle nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle moet eet of drink nie, of oor julle liggaam, oor wat julle moet aantrek nie. Is die lewe nie belangriker as kos en die liggaam as klere nie . . . Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy vir julle ook al hierdie dinge gee." (Matt 6:25, 33)

Hoe beywer mens jou vir die koninkryk van God?

Jy moet jou daarvoor beywer dat Jesus Christus, die Koning van die koninkryk, oor jou hele lewe Koning moet wees. Dit beteken dat Hy oor jou lewe moet regeer. Sy wil, en nie jou wil nie, moet die deurslag gee in al jou handelinge en besluite.

Hierdie wil van God is vir ons almal opgeteken in die Bybel.

Kry vir jou 'n Bybel en lees elke dag daaruit.

Bid ook tot God dat jy dit reg mag verstaan en dat God deur Sy Gees vir jou leiding mag gee in jou lewe. En beywer jou om God op hierdie wyse gehoorsaam te wees.

- Dan kan jy al jou bekommernisse met gebed en danksegging aan God bekendmaak.
- Dan hoef jy nie meer 'n bekommerde mens te wees nie.
- Dan sal jy nooit honger ly of ernstige gebrek hê nie.
- Dan sal die Almagtige en Genadige God, in Jesus Christus, Hom oor jou ontferm en Hy sal vir jou alles gee wat jy werklik nodig het.
- Dan sal dobbelary en lotery jou geensins aanstaan nie.
- Dan is jy in Jesus Christus, jou Verlosser, ook verseker van jou ewige plek in die hemelse heerlijkheid.

Ds. Sarel Cilliers.